# JEUGLES – Ken jou Bybel - Vasvra

**INSTRUKSIES:**

- Ons begin die aand met die eerste 2 rondtes wat die ‘opwarmings’ is. Dis maklike vrae wat ons hoop elke kind teen die tyd al ken.
- Elke groep kry 2 ‘plakkate’ wat op stooitjies vasgeplak is – die een is ‘n hand en die ander ‘n telefoon.
- Vanaf die 2de rondte begin dit moeiliker raak – die groep kry eers kans om te sien of hulle die vraag sonder ‘n leidraad kan antwoord – daarvoor kry hulle bv 5 punte
- As hulle dit nie kan regkry nie, dan kan hulle kies – hulle steek of die handjie op wat vir hulle 1 punt sal gee as hulle dit reg antwoord – gee 2 antwoorde – 1 is reg en een is verkeerd.
- Of hulle ‘phone a friend’ – dis een van die leiers wat regsit met ‘n Bybel en vir hulle ‘n Bybelversie gee wat hulle self moet opsoek en besluit wat die antwoord is – hiervoor kry hulle dan bv 3 punte
- Elke vraag bv. Vraag 1 handel oor ‘n spesifieke afdeling of moeilikheidsgraad en het bv 5 vrae – ons het 5 groepe, so elke groep beantwoord ‘n vraag uit vraag 1 ens.

| **VRAAG – Opwarming 1** | | **ANTWOORD** |
|---|---|---|
| 1 | Aan wie het God in ‘n brandende bos verskyn? | **Moses** |
| 2 | Wie moes sy seun gaan offer? | **Abraham** |
| 3 | Wie was die eerste man en vrou op die aarde? | **Adam en Eva** |
| 4 | Wie is deur ‘n vis ingesluk omdat hy nie na God wou luister nie? | **Jona** |
| 5 | Wie is in ‘n leeukuil gegooi omdat hy gekies het om eerder vir God te aanbid as om voor die koning te buig? | **Daniel** |

| **VRAAG – Opwarming 2** | | **ANTWOORD** |
|---|---|---|
| 1 | Wie moes ‘n ark bou sodat hy en sy familie veilig kon wees wanneer God ‘n vloed oor die hele aarde stuur? | **Noag** |
| 2 | Wie se broers het hom verkoop? | **Josef** |
| 3 | Wie het ‘n reus doodgegooi met ‘n klippie? | **Dawid** |
| 4 | Wie het sy krag verloor toe sy hare afgesny is, omdat hy sy geheim van sy krag aan ‘n vrou bekend gemaak het? | **Simson** |
| 5 | Watter koningin het haar mense se lewens gered, deur met die koning te praat en om genade te smeek | **Ester** |

| **VRAAG - 1** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Waar het die beroemde toring in die Bybel gestaan? | Sodom<br>Babel | **Gen 11:9** | **Babel** |
| 2 | Wie het sy eersgeboortereg vir ‘n pot lensiesop verruil? | Jacob<br>Esau | **Gen 25:31** | **Esau** |
| 3 | Watter stad se muur het geval nadat die Israeliete vir 7 dae om dit moes stap, en hulle op die laaste dag moes skree? | Egipte<br>Jerigo | **Jos 6:2** | **Jerigo** |
| 4 | Watter profeet het vir Dawid as koning gesalf? | Jesaja<br>Samuel | **1 Sam 16:13** | **Samuel** |
| 5 | Wat was Moses se broer se naam gewees? | Nehemia<br>Aaron | **Eks 4:14** | **Aaron** |

| **VRAAG - 2** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Wie was die eerste tweeling in die Bybel gewees? | Isak en Jakob<br>**of**<br>Jakob en Esau | **Gen 25: 24-26** | **Jakob en Esau** |
| 2 | Watter koning moes in die wildernis gaan bly en gras eet? | Faro<br>Nebukandnesar | **Dan 4:33** | **Nebukandnesar** |
| 3 | Watter dokter het twee boeke in die Nuwe Testament geskryf? | Mattheus<br>Lukas | | **Lukas** |
| 4 | Wie was 90 jaar oud toe sy ‘n baba gehad het? | Rebecca<br>Sara | **Gen 17:17** | **Sara** |
| 5 | Wie het ‘n donkie gehad wat kon praat? | Bileam<br>Nathan | **Num 22:28** | **Bileam** |

| **VRAAG - 3** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Wie het Jesus verloën? | Jakobus<br>Petrus | **Mark 14:72** | **Petrus** |
| 2 | Wie het Jesus verraai? | Johannes<br>Judas | **Matt 10:4** | **Judas** |
| 3 | Wie het Jesus gedoop? | Lukas<br>Johannes | **Matt 3:13** | **Johannes** |
| 4 | Watter dissipel wou graag soos Jesus op die see loop? | Paulus<br>Petrus | **Matt 14:29** | **Petrus** |
| 5 | Wie het eers God se kerk vervolg en het toe ‘n apostel geraak nadat God hom eers laat blind word het? | Markus<br>Paulus | **Hand 8:3** | **Saulus / Paulus** |

| **VRAAG – 4 – Jesus se bediening** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Watter man se dogtertjie was dood, maar is deur Jesus weer lewendig gemaak? | Jairus<br>Nicodemus | **Luk 8:41** | **Jairus** |
| 2 | Op watter dier het Jesus Jerusalem binnegery? | Perd<br>Donkie | **Matt 21:5** | **Donkie** |
| 3 | Watter tollenaar het in ‘n boom geklim omdat hy Jesus graag wou sien? | Saggeus<br>Sebtteus | **Luk 19:2** | **Saggeus** |
| 4 | Watter vriend van Jesus was dood, en het Hy na 4 dae weer lewendig gemaak? | Lasarus<br>Timotheus | **Joh 11:43** | **Lasarus** |
| 5 | Waarmee het Jesus die honger skare gevoed? | 5 brode en 2 vissies<br>**OF**<br>2 brode en 5 vissies | **Matt 14:16-17** | **5 brode en 2 vissies** |

| VRAAG 5: Wapenrusting | | | | Antwoord |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Wapenrusting: wat moet ons as belt om ons heupe hê? | Bekering<br>Waarheid | **Ef 6: 14** | **Waarheid** |
| 2 | Wapenrusting: wat moet ons as borsharnas hê? | Heiligmaking<br>Geregtigheid | **Ef 6: 14** | **Geregtigheid** |
| 3 | Wapenrusting: wat moet ons as swaard in ons hand hê? | Gebed<br>Woord | **Ef 6: 17** | **Woord** |
| 4 | Wapenrusting: wat moet ons as skild in ons hand hê? | Geloof<br>10 gebooie | **Ef 6: 16** | **Geloof** |
| 5 | Wapenrusting: wat moet ons as helm op ons koppe hê? | Vrugte vd Gees<br>Verlossing | **Ef 6: 17** | **Verlossing** |

| VRAAG 6: Teachings van Jesus | | | | Antwoord |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Watter opdrag het Jesus aan die ryk jongman gegee? | Om meer geld vir die kerk te gee<br>**OF**<br>Om al sy besittings te verkoop | **Matt 19:21** | **Om al sy besittings te verkoop en Hom te volg** |
| 2 | Volgens Jesus: Watter deel van die liggaam is die lamp? | Oog<br>Hart | **Matt 6:22** | **Die oog** |
| 3 | Volgens Jesus: Hoe moeilik is dit vir ‘n ryk man om in die hemel te kom? | Dis makliker vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te kom as vir ‘n ryk man om in die hemel te kom<br>**OF**<br>Baie moeilik | **Mark 10:25** | **Dis makliker vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te kom as vir ‘n ryk man om in die hemel te kom** |
| 4 | Volgens Jesus: Hoeveel keer moet ons ‘n broer vergewe as hy iets verkeerd gedoen het? | 100x7<br>70x7 | **Matt 18:21** | **70x7** |
| 5 | Volgens Jesus: sal jy groot dinge kan doen as jou geloof soos wat is? | Pampoensaadjie<br>mosterdsaadjie | **Matt 17:20** | **Mosterdsaadjie** |

| VRAAG 7: Boeke vd Bybel | | | | Antwoord |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Watter boek kry ons net na Rigters? | Hosea<br>Rut | | **Rut** |
| 2 | Watter boek kry ons net voor Miga? | Jeremia<br>Jona | | **Jona** |
| 3 | Watter boek kry ons net voor Jesaja? | Psalms<br>Hooglied | | **Hooglied** |
| 4 | Watter boek kry ons net na Joel? | Jona<br>Esra | | **Jona** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5 | Watter boek kry ons net na Ester? | Job<br>Daniel | | **Job** |

| **VRAAG 8: Interessante feite** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Wie het op ‘n klipkussing geslaap? | Jesaja<br>Jakob | **Gen 28:10-11** | **Jakob** |
| 2 | Wie het die oggend na sy troue ontdek dat hy met die verkeerde vrou getrou het? | Isak<br>Jakob | **Gen 29:25** | **Jakob** |
| 3 | Watter profeet is deur die Here gevra om ‘n boek te eet? | Jeremia<br>Esegiel | **Eseg 3:1-4** | **Esegiel** |
| 4 | Wie het die eerste klere in die Bybel gemaak? | Eva<br>God | **Gen 3:21** | **God** |
| 5 | Wie het 3 jaar lank sonder klere geloop? | Jesaja<br>Jeremia | **Jes 20:2** | **Jesaja** |

| **VRAAG 9: Interessante feite** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Watter profeet moes met ‘n prostituut trou? | Miga<br>Hosea | **Hos 1:2** | **Hosea** |
| 2 | Wie was die eerste profeet in die Bybel? | Abraham<br>Jona | **Gen 20:7-9** | **Abraham** |
| 3 | Wie se asem in die Bybel het sleg geruik? | Josua<br>Job | **Job 19:17** | **Job** |
| 4 | Wie was die eerste persoon in die Bybel om iemand lewendig te maak? | Elia<br>Jesus | **1 Kon 17:17-24** | **Elia** |
| 5 | Wie het die eerste keer brood in die Bybel vermeerder? | Jesus<br>Elisa | **2 Kon 4:38;42** | **Elisa** |

| **VRAAG 10: Bybelboeke** | | ✋ | ☎ | **Antwoord** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Wat is die korste hoofstuk in die Bybel? | | | **Ps 117** |
| 2 | Wat is die langste hoofstuk in die Bybel? | | | **Ps 119** |
| 3 | In watter Bybelboek word God se naam glad nie genoem nie? | | | **Ester** |
| 4 | Watter Bybelboek het die meeste hoofstukke? | | | **Psalm** |
| 5 | Watter Bybelboek is die kortste? | | | **Judas** |